ACER (Africa) Environmental Consultants
Suites 5 & 6, Golden Penny Centre
26 Hely Hutchinson Road
PO Box 503, Mtunzini, 3867, South Africa

Tel: +27 (0) 35 340 2715
+27 (0) 35 340 2245
Fax: +27 (0) 35 340 2232
Email:info@acerafrica.co.za

www.acerafrica.co.za

3 April 2017

«Title»«First_Names»«Surname»
«Position»
«CoOrg»
«Address»
«City»«Postcode»

Geagte«Title»Surname»

VOORGESTELDE ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL (ACE KABELSTELSEL) WAT BY VAN RIEBEECKSTRAND OP DIE WESKUS VAN SUID-AFRIKA GELAND GAAN WORD

BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP OMVANGBEPALINGVERSLAG (KOBV) VIR PUBLIEKE KOMMENTAAR

Die Omvangbepalings fase, wat deel vorm van die Omgewingsimpakstudie (OIS / *EIA*) vir die bogenoemde projek, is al aan die gang sedert Julie 2016. 'n Konsep Omvangbepalingsverslag (KOBV / *DEIAR*) is saamgestel in lyn met die huidige Regulasies op Omgewingsimpakbepaling, 2014, wat gepubliseer is in Goewermentskennisgewings R 982, 983, 984 en 985 van 4 Desember 2014 onder Artikel 24 (5) saamgelees met Artikel 24, 24D en 44 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (soos gewysig).

Op grond van die huidige regulasies moet die Omgewingsimpakbepalingspraktisyn (OBS / *EAP*) die Omvangsbepaling en Impakstudie binne 300 dae ná die aanvaarding van die Aansoek om Magtiging deur die Nasionale Departement van Omgewingsake (DOS / *DEA*) voltooi. Daar word ook voorspel dat 'n Watergebruikslisensie van die Departement van Water en Sanitasie (DWS) in terme van Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet nr. 36 van 1998), met spesifieke verwysing na Artikel 40(4) benodig sal word. Die KOBV is nou beskikbaar vir hersiening en kommentaar vir lede van die publiek asook die owerhede.

Die volledige weergawe van die KOBV (hardekopie en CD) sal beskikbaar wees by die volgende openbare plekke / kantore:

Lokaal	Straat	Kontak Persoon en Nommer
Koeberg Publieke Biblioteek	Merchant Walk, Duynefontein, 7441	Ms. Roelda Brown 021 553 2514
Melkbosstrand belastingbetalers Vereniging (*Ratepayers Association*)	25 Jacobus Crescent, Duynefontein, 7441	Mrs. Smokie La Grange 073 357 6359

Stuur asseblief u kommentaar op skrif aan die Kantoor vir Openbare Deelname:

ACER (Africa) Environmental Consultants
Mareike Straeuli of Giles Churchill
P O Box 503, Mtunzini, 3867
Tel: 035 340 2715 Fax: 035 340 2232
E-pos: ace-cable@acerafrica.co.za

Neem asseblief kennis:

1. Die KOBV is ook beskikbaar op ACER se webwerf: www.acerafrica.co.za onder “Current Projects”.
2. **Die tydperk vir openbare kommentaar is 30 kalender dae, van 3 April 2017 tot 8 Mei 2017.**
3. Staatsorgane soos munisipaliteite en regerings departemente het die volledige weergawe van die KOBV ontvang.
4. Kommentaar op die KOBV wat ontvang word sal gebruik word om die Finale Omgewingsimpakbepalings verslag te produseer wat daar na aan DOS in gedien sal word vir oorweging.

Namens die Projek span wil ek almal bedank wat reeds deelgeneem het tydens die Omvangbepalings fase.

Die uwe,

ACER (Africa) Environmental Consultants
Mr. G Churchill
Direkteur